

# DIE STOEL VAN ST. PETRUS

22 FEBRUARIE



Hierdie antieke fees verskyn reeds op die oudste Romeinse kalender uit die jaar 394. Op dié dag herdenk en vier die Kerk die feit dat die Here Jesus Christus aan die apostel Petrus en sy opvolgers 'n besondere gesagsposisie in die Kerk gegee het. Hier gaan dit nie oor die een of ander magsimbool of die uitoefening van enige wêreldse gesag nie. Dit dui op die ereplek van 'n goeie vader in 'n huis waar daar plek is vir almal. Die primaatskap van Petrus en sy opvolgers, die pouse, se belangrikheid lê in die Kerkeenheid wat dit versinnebeeld. Die Stoel van Petrus dui op die leerstellige eenheid wat te vinde is in die Een, Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk.